


*Towerlantern Fotografie*  
**fotografienuus**  
mei 2018



*"Alice: Through the Looking-glass" – Josef Steyn*  
*Lensopening: f13; Sluiterspoed: 3/10 sekonde; Fokale lengte: 100 mm*

T een die tyd dat jy hier lees is die naweek reeds verby, die lewe gaan aan en jou werk hou jou weg van jou kamera. En jy het allermins tyd vir Lewis Carroll se *Alice in Wonderland* of *Through the looking-glass*. Onthou egter om nie jou fotografie te vergeet, en ook dat jy vir fotografie wyd moet dink; en soms ook die rol van 'n feefotograaf moet inneem.

Hierdie voorbladfoto, met dank aan Josef Steyn van Hogback, en hierdie uitgawe van *Fotografienuus* nooi jou om wyd te dink en wil jou wys watter wonderwêreld jy met jou kamera kan skeep. Selfs as jy net 'n beginner is in die fotografie-wêreld, sal jy gou besef dat jy met jou kamera tonele kan skeep wat vir fotografe en skilders groot plesier verskaf. En dat jy selfs tonele kan skeep wat ander nie kan sien nie.

Lees dus verder en leer 'n klompie basiese tegnieke waarmee jy gesins- en familie- lede, én vriende kan beïndruk. En praat hulle ook om om meer te leer van hul kameras.

Johan

## Voorbladfoto

Weerkaatsingsfoto's is een manier waarmee jy baie kreatief kan wees en vriende kan beïndruk met jou foto's. Ons voorbladfoto is niks anders as so 'n weerkaatsingsfoto nie.

Weerkaatsingsfoto's is presies wat die naam sê nie – dit is foto's van weerkaatsings. Maar, en hier kom jou kreatiwiteit in, daar moet darem denke en beplanning ook in die saak wees. Dit moet beslis 'n besondere toneel gee. Vir ons doel onderskei ons die volgende:

- ✓ *Eenvoudige, direkte weerkaatsings:* Hierdie geval sluit die heel eenvoudigste weerkaatsings in, met weinig kreatiwiteit. Byvoorbeeld, staan reg voor 'n spieël en mik met jou kamera na jou spieëlbeeld. Neem die foto van die persoon wat jy sien en daar het jy jou eerste weerkaatsingsfoto! Maklik, maar redelik onkreatief. Jy sal waarskynlik darem beter lyk as wanneer jy met jou selfoon 'n selfie van jouself neem.
- ✓ *Maklik, meer kreatief:* Hierdie geval sluit ook maklike weerkaatsings in, maar met meer kreatiwiteit as die eerste geval. Byvoorbeeld, herfspopuliere wat weerkaats in plaasdamme waarvan die wateroppervlak spieëlglad is. Hiervan het ons onlangs op 'n reis deur die Vrystaat pragtiges gesien. En om hieroor agterna jammer te wees dat daar nie stilgehou is om foto's te neem nie.
- ✓ *Moeiliker, baie kreatief:* Hierdie geval sluit weerkaatsings in waarvoor jy moet soek of wat jy self moet skeep. Die voorbladfoto en die foto op die volgende bladsy is sulke gevalle. Beide is by dieselfde geleentheid geneem, elkeen is self deur die fotograaf geskep en elke opvolgende foto lyk anders as sy voorganger. Dit is soos om vis te vang: gooi jou hoek in, en wees verras met wat jy kry.

# Neem goëie weerkaatsingsfoto's


Riglyne

Hoe gaan mens te werk om goëie weerkaatsingsfoto's te neem?

Ons help jou stapsgewys sodat jy 'n kreatiewe foto met groot trefkrag kan neem. Ons neem aan dat jy by 'n kleinerige dam of spruit of rivier staan en 'n interessante, kleurvolle weerkaatsing sien. Ons neem aan dat die wateroppervlak (i) spieëlglad is of andersins (ii) kabbelings het. Doen dan die volgende:

- ✓ *Driepoot*: Stel die kamera op 'n driepoot op.
- ✓ *Lenskeuse*: Maak enige lenskeuse, afhangend van die weerkaatsing wat jy sien.
- ✓ *Komposisie*: Verkry 'n weerkaatsingstoneel voor jou met 'n redelike komposisie. Besluit of portret- of landskapformaat die beste sal wees.
- ✓ *Voorlopige fokussering*: Gebruik handfokussering en fokus voorlopig op 'n item wat ook die uiteindelijke trefpunt gaan wees.
- ✓ *ISO*: Kies 'n lae ISO, byvoorbeeld 100 of 200.
- ✓ *Witbalans*: Kyk na die beligting van die toneel en besluit self.
- ✓ *Lensopening*: Kies 'n middelmatige tot klein lensopening sodat jy 'n redelike groot velddiepte kry. Varieer indien nodig.
- ✓ *Sluiterspøed*: Gebruik die liniaal om die "korrekte" instelling te kry. Die sluiterspøed moet relatief stadig wees (3/10 en 1/25 sekonde in die voorbeelde). Varieer die sluiterspøed vir meer kreatiewe foto's.
- ✓ *Fyn fokussering*: Probeer om skerp te fokus. As die oppervlak glad is, is dit maklik; as daar kabbelings is, is dit moeiliker, maar doen jou bes.

Gaan voort met die fotosessie. Dit kos oefening, maar probeer dit regkry. As jy dit regkry, begin met variasies.



"Feetoneel"

Lensopening: f5; Sluiterspøed: 1/25 sekonde; Fokale lengte: 100 mm

Finale wenke:

✓ *Skep 'n toneel*: Verander jou toneel na 'n idilliese toneel. Byvoorbeeld, as die oppervlak stil is, gooi 'n klein klippie (of akker, in ons geval) in die water vir kabbelings.

✓ *Keer die toneel om*: Draai jou foto deur 180 grade om 'n nog vreemder toneel te skep as wat jy sien.

Stuur jou beste foto's vir Towerlantern; ons plaas dit graag op Facebook of in Fotografienuus.

Towerlantern Fotografie  
- mei 2018 -

# KOMPOSISIE

---

## in fotografie



Een van die eerste sake wat ons ons studente aan die begin van 'n kursus leer, is komposisie. Komposisie is 'n oorkoepelende saak in fotografie en in baie ander kunsrigtings, byvoorbeeld skilderkuns. Oral lê kunstenaars klem op komposisie.

Jy mag dalk vra of komposisie so belangrik is. Die antwoord sou "ja" en "nee" kon wees. Die rede vir so 'n soort antwoord is dat die "reëls" van komposisie nie as vaste reëls gesien moet word nie, maar eerder as riglyne. Dikwels moet die "reëls" wel toegepas word om die mooie in 'n toneel uit te lig en na vore te bring; maar soms mag die "reëls" wel oortree word – en dan moet jy kan motiveer hoekom jy dit doen.

Soms is dit maklik om komposisiereëls toe te pas, byvoorbeeld by 'n geskepte stillewe waar jy beheer oor alles het. Soms is dit egter moeiliker, byvoorbeeld by 'n besige straattoneel waar jy oor niks beheer het nie, behalwe om self rond te loop.

“...soms  
mag die  
'reëls'  
wel oortree  
word...”

Almal hou daarvan om hooibale op 'n land te fotografeer. Tipies is dit egter maar net 'n kiekie. Hoekom? Omdat die bale rond en bont lê en daar geen sprake van komposisie (struktuur) is nie. Dus: Volgende keer as jy bale wil fotografeer, reël dat jy die bale mag rondskuif en kry iemand om dit vir jou te doen.

'n Nog moeiliker geval is windturbines. Hier kan jy slegs jouself rondskuif of jou strategie verander. Kry byvoorbeeld mooi wolke in die agtergrond om die windturbine te laat uitstaan, soos in die foto.



Hierdie internet-idee het met fotografie te doen, maar bietjie vanuit 'n ander hoek: Ons almal probeer om te herwin waar ons kan, en in die geval van ou fotografie-toerusting krap mens soms maar bietjie kop! Maar kyk na hierdie oulike idees wat ons op Pinterest raakgeloop het. So moenie net ouma en oupa se ou filmskyfies weggooi nie. En kyk ook sommer na die driepoot wat as lampstaander gebruik is!



# Wenke om 'n goeie komposisie te kry

Vir hierdie basiese wenke neem ons aan jy sien 'n vaste toneel waaraan jy niks kan verander nie (byvoorbeeld 'n land- of stadskap).

- ✓ *Komposisiesake:* Let op na die hoofsaake by komposisie: reël van derdes (of vyfdes), lyne, teksture en kleure.
- ✓ *Prentsöeker:* 'n Handige item om byderhand te hê om te help met komposisie is 'n prentsöeker – 'n raampie waarmee jy as't ware foto's kan soek.
- ✓ *Verander posisie:* Loop/ry rond en soek na goeie komposisie. Dit help ook om jou kamera se LCD-skerm en/of beeldsoeker (Engels: *view finder*) in so 'n soekpoging te gebruik.
- ✓ *Verander tydstop:* As dit moontlik is, besoek die toneel op verskillende tye van die dag (of selfs nag). Dit mag net wees dat die posisie van die son die toneel, en komposisie, verbeter.
- ✓ *Perspektief:* Al is jou toneel vas, kan jy met behulp van perspektief dramatiese veranderings bring. Dink aan lineêre perspektief; gebruik hiervoor 'n wyer lens en sak laag af om die voorgrond so na as moontlik aan die kamera te kry.
- ✓ *Weerkaatsings en ligbrekings:* Hierdie twee sake is twee lig-elemente wat jy altyd moet onthou. Die twee vroeëre weerkaatsingsfoto's gee een idee. Probeer ook reënboë.
- ✓ *Naasmekaarstelling:* Probeer om twee kontrasterende foto-elemente langs mekaar in 'n foto te kry – dit verhoog jou foto dramaties. Let ook op vir die sameloop van omstandighede.
- ✓ *Panorama:* Soek rond vir moontlike panorama-foto's (horisontaal of vertikaal). Die klem moet steeds val op komposisie. Besef dat die komposisiereëls soms aangepas sal moet word. Die derde-reël moet dalk vervang word deur die vyfde-reël.
- ✓ *Vang die oomblik vas:* Komposisie gaan nie net daaroor om die regte toneel te sien nie, maar ook om die sluiterknoppe op die regte oomblik te druk. Wees voorbereid daarop.

# Elektroniese verbindings

kamera  
wenk

Het dit al met jou gebeur dat jy lense omruil en dat die lensopening dan as O.O vertoon? Of het jy al jou kamera se geheueskyfie in jou rekenaar ingesit en dan word dit nie gelees nie?

Die probleem kan moontlik lê by die elektroniese verbindings van die lens of skyfie. Gebruik 'n sagte lappie (soos dié wat gebruik word om 'n bril skoon te maak), en vee-“streef” daarmee oor die verbindings om 'n moontlike stowwerigheid te verwyder. En hoop dit help!



## Towerlantern se volgende foto-uitstalling

Dit het nou al gebruiklik geword dat studente van Towerlantern Fotografie jaarliks in Augustus die geleentheid kry om van hul werke uit te stal. Jy word hiermee nou uitgenooi om gedurende die komende Augustus hieraan deel te neem.

Begin nou al om jou foto's deur te werk en/of nuwe foto's te neem met die oog op die saamstel van 'n portefeulje. Die reëls vir die uitstalling sal later volledig gegee word, maar kan kortliks soos volg saamgevat word:

- ✓ Enige student (ouer en nuwer) van Towerlantern mag deelneem.
- ✓ Die geleentheid is nie 'n kompetisie nie, en foto's van elke fotograaf wat foto's instuur, sal uitgestal word.
- ✓ Tien foto's moet ingestuur word, waarvan drie gekeur sal word vir uitstalling. Dié drie moet gemonteer word volgens voorskrifte wat later gegee sal word. Nog vier ander foto's van die sewe oorblywendes sal elektronies vertoon word.
- ✓ Aanlynstudente mag ook deelneem. In hierdie geval sal die foto's moontlik net elektronies vertoon word, afhangende van die praktiese omstandighede.

*Towerlantern Fotografie*  
- mei 2018 -

# TOWERLANTERN SE KURSUSSE

Ons het onlangs met 'n nuwe eerstevlakkursus begin. Ons is dankbaar vir die groot belangstelling wat daar is. Ons volgende kursusse (eerstevlak en gevorderd) word DV vir die tweede semester beplan. Inligtingstukke sal later uitgestuur word.

Towerlantern bied ook op 'n staande basis aanlynkursusse aan – eerstevlak en gevorderde vlak. As jy self daarin belangstel of dit vir iemand as 'n geskenk wil gee, kontak ons vir meer besonderhede. Die groot voordeel van die aanlynkursusse is dat jy dit op jou eie tyd kan doen en dus maklik tussen jou ander bedrywighede kan inpas. En dan is dit ook nog in Afrikaans, wat 'n groot lekkerte kan wees vir iemand wat in die buiteland bly en smag na sinvolle Afrikaanse leesstof.



*Martin Osner*

– kunsfotograaf van Kaapstad

Martin Osner is 'n kunsfotograaf wat in Kaapstad woon en werk. Behalwe vir sy fotografie-belangstelling, is hy ook 'n verkoopsman en sy foto-ateljee is die moeite werd om te besoek. Teken gerus in op sy gereelde nuusblad.

Besoek die onderstaande webwerf om onder andere sy abstrakte foto's van afgebrande plantasies te sien.

<https://www.martinosner.com/fire-ash-abstract-special>

*Towerlantern Fotografie*  
- mei 2018 -



## FOTOWENK

Hier is 'n eenvoudige fotowenk: Moenie die niegunsteling (Engels: *underdogs*) in die lewe vergeet nie; of dit nou mense of diere of dinge is. En in fotografie geld dit net so. Die foto hierby toon die idee. Beywer jou daarvoor om ook sulke tonele – en mense – raak te sien.

**SECONDE  
LE RESISTANCE**

**FINDING  
BEAUTY** | invitation aux  
photographes

oh my darling, it's true. beautiful things have dents too

POTCHEFSTROOM MAIN MUSEUM  
CNR WOLMARANS STREET/JEUGD STREET  
INFORMATION : Lizané Liebenberg (018) 294 3760

Hiermee word jy uitgenooi na 'n uitstalling van foto-, skilder- en ander kunswerke. Die besonderhede is soos volg:

Saak en kunsstelling: Following the 'statement' we made in "Le Resistance" 1 (*that all creativity should be respected and developed, and should be seen as a TALENT and GIFT from GOD*), the only prerequisite(s) for the artworks will be that the artist(s) will bring honour to God through their art and creativity. Also that they will be willing to express and portray beauty by any means or manner (also any form of art/creativity) as well as to find, examine and explore it in THEMSELVES.

Datum van opening en duur: 5 Junie 2018; verder gedurende Junie. Openingstyd: 18:00

Plek: Potchefstroom Hoofmuseum

Inisieerder en organiseerder:

Lizané Liebenberg 018-294-3760

*Towerlantern Fotografie*  
- mei 2018 -



# FOTO

*uitdaging*

April & Mei

Ons reël maandeliks 'n foto-uitdaging waaraan enige fotograaf mag deelneem.

Die volgende sake is baie belangrik as jy aan 'n foto-uitdaging deelneem:

- ✓ Lees baie presies wat die uitdaging sê en
- ✓ bestudeer alle voorwaardes deeglik en kom dit noukeurig na.



"In vlug" – André Victor

## April

April se foto-uitdaging is soos volg bewoord:

Neem foto's bestaande uit twee items:

- ✓ 'n enkele klein, skerp item baie naby aan die kamera, en
- ✓ 'n mooi en baie onskerp agtergrond wat pas by die voorgrond.

Baie dankie vir die inskrywings wat ons hiervoor gekry het. Die foto hierby van André Victor is die wenfoto. André skryf soos volg oor hierdie foto: "Ek is baie lief om die voël-skulling by Rondevlei in die Wildernis Natuureservaat te besoek om voëls te fotografeer. Op 19 April 2018 was ek weer daar om voëls te fotografeer maar daar was niks interessant nie en ek het toe foto's van naaldekokers begin neem."

Die ander inskrywings sal binnekort op Towerlantern se Facebook-blad vertoon word.

## Mei

Hier is die foto-uitdaging vir Mei: Neem idilliese weerkaatsingsfoto's. Die prys is R300 vir die beste foto. Dit staan die paneel vry om te besluit of 'n prys toegeken sal word of nie. Die foto moet geneem wees gedurende die tydperk 1 tot 25 Mei 2018.

Redakteur: Johan de Klerk Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs

*Towerlantern Fotografie*  
- mei 2018 -